

# Donderdag 22 April

Skrifgedeelte: Kolossense 1:9-14

Fokusgedeelte: Kolossense 1:9-14

## **Bid volhardend vir groeiende geestelike wysheid en 'n Godwaardige lewenswandel**

Die genade wat ons van God deur Christus ontvang, is so geweldig groot, ryk en omvattend! Paulus beskryf dit in verse 12, 13 en 14: God het ons waardig gemaak om deel te kry aan die koninkryk van die lig! Hy het ons weggeruk uit die donker mag van die Bose en ons onder die heerlike oorwinnende heerskappy van Christus geplaas. In Hom kry ons volkome vergifnis van ons sonde en 'n ewige verlossing!

Gryp dit jou nog aan? Raak jy nog verwonderd oor God se genade sodat jy dit ook uit kan jubel? Paulus word hierdeur diep geroer en roep dit uit in verwondering en met diepe dankbaarheid. Daarom weet hy ook: op grond van hierdie genade moet elke gelowige biddend volhard om in Christus te bly! Om die genadegawe wat ons ontvang het, ten volle uit te leef!

Ons moet in die eerste plek volhardend bid vir geestelike wysheid om te weet hoe ons God se wil elke dag van ons lewe moet toepas en gehoorsaam uitleef! Dat ons kennis van God kan toeneem. Ons moet hiervoor bid, want hierdie geestelike wysheid kan alleen van God die Heilige Gees kom om ons daarmee te vervul. Tweedens moet ons bid vir die geestelike krag om elke dag waardig ons lewe in Christus te leef!

En wat is hierdie Godwaardige lewe? Dit is om elke dag gehoorsaam te wees en tot God se eer te leef. Dit is om die vrugte van die geloof te dra deur goeie werke te doen wat God verheerlik. 'n Godwaardige lewe is laastens ook om met blydskap en vreugde te lewe omdat ons weet Christus is in ons!

Kom ons oordink vandag ook weer opnuut die wondergawe wat ons van God in Christus ontvang het, en ons laat hierdie wete ons vul met diep en dankbare blydskap! Maar kom ons bid dan ook dat God ons vervul met sy wysheid om sy wil te ken en toe te pas in ons lewe sodat ons 'n Godwaardige lewe mag lei! Immers: Christus is in jou!

*Sing: Skrifberyming 15–1:1, 2, 3, 4*

*Ds. P Venter (Potchefstroom-Oos)*